BEUKES TOERE

Program: Ooskaap 2

4 – 11 November 2025

Dag 1: Vertrek vanaf **Mosselbaai** met oplaaipunte in **Groot Brak** en **George**. Reis na **Port Alfred** waar ons vanaand tuisgaan.

Dag 2: Na ontbyt, geniet ons 'n ontspanne **bootvaart** op die **Kowierivier**. Daarna maak ons 'n draai by **Bathurst**. Hier, besoek 'n **pynappelplaas**, die **toposkoop** en die oudste kroeg in S.A. nog ingebruik. Vertrek dan na **Morganbaai** aan die **Wildekus** waar ons TWEE NAGTE tuisgaan by 'n lieflike hotel teenaan die see.

Dag 3: 'n Rustige dag lê voor met besoeke aan **Morganbaai Kranse, Double Mouth** en **Keimond**. Vanmiddag ontspan ons heerlik in die pragtige omgewing.

Dag 4: Vanoggend besoek ons die baie interessante **Oos-London Museum** en reis dan verder na **Hogsback** in die **Amatolaberge**. Ons gaan TWEE NAGTE tuis in hierdie asemrowende sprokieswěreld.

Dag 5: Vandag het ons genoeg tyd om die omgewing te verken. Ons besoek onder andere die pragtige **ou kerkie** en stap die **labirint**. Ons stap ook 'n draai deur die **Arboretum** met sy pragtige bome, azaleas en watervalle.

Dag 6: Na ontbyt vertrek ons na **Bergkwagga Park**. Hier geniet ons 'n **wildsrit** in die ongelooflike mooi, bergagtige park.

Dag 7: Voor ons na **Jeffreysbaai** vertrek vir oornag, geniet ons nog 'n **wildsrit** in die park.

Dag 8: Huiswaarts vandag.

Oplaaipunte en -tye word 'n week voor die toer vasgemaak

Ingesluit:
Ontbyt en aandete by oornagpunte, alle toegangsgelde, ervare gids, akkommodasie, luukse vervoer vir maksimum 16 mense en fooitjies. Wildsritte met ons toerbus.

Uitgesluit:
Middagetes en drankies.

Prys: R17 550 pp wat deel. R2 500 Enkel bybetaling.

Kontak: Cronnie 078 894 0897 admin@beukes-toere.co.za